**Dinsdag 28 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 140:1-14**
**Fokusgedeelte: Psalm 140:13-14 (AFR83/2020)**
**Die Here, my Here, behartig my regsaak**

Het jy al ooit weerstand, vervolging, of beswaddering beleef omdat jy Jesus Christus wil dien en volg? Het jy al ooit hulpeloos gevoel wanneer jy redeloos gekrenk word? Martin Luther het op ’n keer in een van sy tafelgesprekke gesê: “As jy nog nooit ’n vorm van weerstand of vervolging beleef het as gevolg van jou geloof nie, dink die duiwel blykbaar jou Christenskap is so vrugteloos hy sal sy tyd mors as hy jou aanval.” Luther het dit gesê na aanleiding van die woorde in 2 Timoteus 3:12: “Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word.”

As sulke beproewings egter reg hanteer word, bring dit jou juis tot ’n dieper, inniger en intiemer verhouding met die lewende God. Iemand het gesê: “’n Ware Christen is soos ’n teesakkie: As hy in warm water kom, kom sy ware smaak na vore.”

Ons sien iets daarvan in hierdie Psalm van Dawid. Hy was vervolg, beswadder en beskinder. Dan vlug hy na die Here toe vir uitkoms. Die Psalm begin met ’n kort gebed: Red my! Dan gee hy ’n beskrywing van die mense uit wie se mag die Here hom moet red. Hulle is sleg (2a), pleeg geweld (2b), bedink slegte dinge (3a), blaas vyandskap aan (3b), saai onrus en haat met hulle tonge (4).

In vers 5-6 word die gebed om redding breedvoeriger herhaal om die dringendheid daarvan te beklemtoon, want hy verkeer in groot gevaar. Sy teëstanders is goddelose mense (5a). Hulle is hovaardiges wat hulle nie aan God steur nie, wat nog te sê aan ’n mens (6a)! Hulle maak dan ook jag op Dawid asof hy ’n wildsbok is en nie ’n mens nie (6).

Dan spreek Dawid eers sy vertroue in die Here uit (7-8). Hy staan in ’n besondere verhouding tot die Here en spreek Hom aan as my God (7a). Hy vra vir die verhoring van sy smeekgebed omdat hy aan die Here behoort (7b, 8a) en die Here hom nog altyd beskerm het. Die aanspreekvorm “my kragtige Redder” (8a) kom net hier voor en beklemtoon dat die Here red, maar ook dat Hy die mag het om te kan red.

Sy teenstanders se planne gaan misluk (9), want dit is gerig teen die saak van die Here (10a). Hulle moet self getref word deur dít wat hulle teen hom beplan (10b). Kwaadpraat en skinder (12a) is op dieselfde vlak as geweldpleging (12b).

Die Psalm eindig met sekerheid dat die gebed verhoor sal word, want hy weet die Here behartig die regsaak van die hulpelose en die arme. Ek weet: Die Here behartig die regsaak van magteloses, die reg van behoeftiges. Waarlik, regverdiges sal u Naam prys; opregtes sal in u teenwoordigheid woon.

Vir my en jou is dit slegs waar as ons as hulpelose sondaars sekerheid het dat ons voor God regverdig is omdat Jesus Christus al my skuld op hom geneem het. Daarom kan ek in Jesus se Naam die woorde van vers 7 van hierdie Psalm bid: “U is my God; Here, luister na my smeekgebed.” Al stamel ek maar net ’n paar woorde in my gebed, die Heilige Gees tree Self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie (Rom. 8:27).

*Sing: Psalm 140-1:1, 11*

*Dr. PJ Buys (Flip) (emeritus)*